# Graan SA Oggend Markkommentaar

| | DATUM 2021/10/21 | DATUM 2021/10/20 | | | + - LAST WEEK 2021/10/11 | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | Data | Δ | Δ% | Data | Δ% | Data |
| DJIA-index | 35609 | 152.03 | 0.43% | 35457 | 2.5% | 34746 |
| Goud (Spot) | 1784.5 | 10.18 | 0.6% | 1774.32 | 1.6% | 1757.2 |
| Brent $/vat | 85.65 | 1.03 | 1.2% | 84.62 | 2.4% | 83.66 |
| 1 € / US$ | 1.1651 | 0.000 | 0.03% | 1.1648 | 0.7% | 1.1572 |
| 1 US$ / ZAR | 14.43 | -0.06 | -0.4% | 14.49 | -3.6% | 14.97 |
| Corn | R 3,063.08 | 39 | 1.3% | R 3,024.48 | *CBOT Corn Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Dec 12:00 the previous day | |
| Wheat | R 3,972.35 | 54 | 1.4% | R 3,918.58 | * CBOT Wheat Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Dec 12:00 the previous day | |
| Soybeans | R 6,603.26 | 65 | 1.0% | R 6,538.07 | * CBOT Soy Nov cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Nov 12:00 the previous day | |

| Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day) | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Corn Dec 21 | 539.20 | 9.00 | 1.7% | 530.20 | Pariteitspryse gelewer in Randfontein. Koring DBN invoer pariteit ipv uitvoer pariteit | |
| Wheat Dec 21 | 749.20 | 13.20 | 1.8% | 736.00 | | |
| Soybeans Dec 21 | 1245.40 | 17.40 | 1.4% | 1228.00 | | |
| PLAASLIKE MARKINLIGTING | | | | | Invoerpariteit | Uitvoerpariteit |
| SORGHUM Dec 21 | 4230.00 | 0.00 | 0.0% | 4230.00 | 6000.00 | 3400.00 |
| WMAZ Spot | 3132.00 | -25.00 | -0.8% | 3157.00 | - | - |
| WMAZ Dec 21 | 3159.00 | -17.00 | -0.5% | 3176.00 | - | - |
| WMAZ Jul 22 | 3093.00 | -18.00 | -0.6% | 3111.00 | - | - |
| YMAZ Spot | 3264.00 | -26.00 | -0.8% | 3290.00 | 5500.00 | 3200.00 |
| YMAZ Dec 21 | 3312.00 | -27.00 | -0.8% | 3339.00 | 5500.00 | 3200.00 |
| YMAZ Jul 22 | 3208.00 | -13.00 | -0.4% | 3221.00 | 5500.00 | 3200.00 |
| SOY spot | 7271.00 | 141.00 | 2.0% | 7130.00 | 10000.00 | 6900.00 |
| SOY May 22 | 7100.00 | 82.00 | 1.2% | 7018.00 | 10000.00 | 6900.00 |
| SUN Spot | 10997.00 | 110.00 | 1.0% | 10887.00 | 11900.00 | 9400.00 |
| SUN May 22 | 8634.00 | -65.00 | -0.7% | 8699.00 | 11900.00 | 9400.00 |
| WHEAT Spot | 5800.00 | -50.00 | -0.9% | 5850.00 | 6300.00 | 5800.00 |
| WHEAT Dec 21 | 5684.00 | -46.00 | -0.80% | 5730.00 | 6700.00 | 6200.00 |
| WHEAT Mar 22 | 5795.00 | -41.00 | -0.70% | 5836.00 | 6700.00 | 6200.00 |

**BY DIE GELD PUT OPSIE VIR JUL 2022**

| | WM | YM |
|---|---|---|
| Jul '22 FUTURES PRICE | R 3,093.00 | R 3,208.00 |
| Put STRIKE PRICE | R 3,100.00 | R 3,200.00 |
| Put PREMIUM | R 246.52 | R 234.40 |
| MINIMUM SAFEX PRYS | 2,853.48 | 2,965.60 |

**MIELIE UITVOERE**

| WEEK NR. 23 | WM | YM | TM |
|---|---|---|---|
| WEEK TOTAAL | 8,319 | 82,266 | 90,585 |
| JTD TOTAAL | 228,403 | 1,564,100 | 1,792,503 |
| UITVOERBAAR | 580,000 | 1,900,000 | 2,480,000 |
| JTD AS % VAN UITVOERBAAR | 39% | 82% | 72% |
| TEMPO/WEEK BENODIG | 12,124 | 11,583 | 23,707 |

**MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS**

| | WM | YM | TM |
|---|---|---|---|
| WEEK TOTAAL | 18,290 | 8,928 | 27,218 |
| JTD TOTAAL | 8,106,152 | 6,947,102 | 15,053,254 |
| NOK SKATTING - REGSTELLINGS | 8,524,565 | 7,111,700 | 15,636,265 |
| % GELEWER VAN OES | 95% | 98% | 96% |

**KORING INVOERE**

| WEEK 2 | 2021/22 | 2020/21 | 5 Jr. GEM |
|---|---|---|---|
| WEEK TOTAAL | 100,603 | 38,918 | 53,941 |
| JTD TOTAAL | 145,419 | 69,387 | 72,323 |
| TOTAAL BENODIG | 1,525,000 | 1,474,921 | 1,631,661 |
| JTD AS % VAN BENODIG | 10% | 5% | 4% |

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

**Markoorsig:** Die Bier-Assosiasie van Suid-Afrika (BASA) het gewaarsku dat die regering nog 'n alkoholverbod in Suid-Afrika kan instel indien 'n vierde golf van Covid-19-infeksies die land gedurende die vakansietydperk in Desember sou tref. BASA, wat die Craft Brouers Vereniging, Heineken Suid-Afrika en Suid-Afrikaanse brouerye (SAB) insluit, is bekommerd dat nog 'n verbod oor 'n kritieke tydperk die bedryf verder kan beskadig en tot werksverliese kan lei. In die vorige vier inperkings het die bierbedryf sedert Maart verlede jaar 161 handelsdae verloor, wat net meer as 240 000 werksgeleenthede in gevaar stel, met 'n verlies aan belastinginkomste van R34,2 miljard en R10,2 miljard in aksynsinkomste. Statistiek Suid-Afrika (StatsSA) het gister die land se Verbruikerprysindeks (VPI) gegewens bekend gemaak en toon aan dat die land se VPI in Septembermaand met 5% geklim het op 'n jaargrondslag en is inlyn met ontleders se verwagtinge. Op 'n maandelikse basis het die land se VPI in Septembermaand met 0.2% gegroei teenoor ontleders se verwagte 0.3%. Suid-Afrika se Kern-VPI het in Septembermaand met 3.2% geklim op 'n jaargrondslag teenoor ontleders se verwagte 3.1%. Op 'n maandelikse basis het die land se Kern-VPI met 0.3% gegroei teenoor ontleders se verwagte 0.2%. Stats SA het aangedui dat brandstof steeds die jaarlikse vervoerinflasie aangespoor het en prysstygings in voedsel en nie-alkoholiese drank, en behuising en nutsdienste veroorsaak het. Brandstofpryse het die afgelope jaar 'n gemiddeld met 19.9 persent gestyg, terwyl die prys van binnelandse 95-oktaan-petrol in September 'n hoogtepunt van R18.34 per liter bereik het. Die Verenigde Koninkryk se inflasiegegewens is gister ook bekend gemaak en toon aan dat Britse inflasie verlede maand onverwags afgeneem het, maar die daling was waarskynlik slegs 'n tydelike verskynsel en dit sal die Bank van Engeland waarskynlik nie weerhou om rentekoerse te verhoog nie - moontlik so vroeg as volgende maand. Die Verenigde Koninkryk se VPI het in Septembermaand met 0.3% geklim op 'n maandelikse basis teenoor ontleders se verwagte 0.4%. Op 'n jaargrondslag het die Verenigde Koninkryk se VPI met 3.1% gegroei in Septembermaand teenoor ontleders se verwagte 3.2%. Die Eurosone se inflasiegegewens is ook gister bekend gemaak en toon aan dat die EU se VPI met 0.5% geklim het in Septembermaand op 'n maandelikse basis en is inlyn met ontleders se verwagtinge. Op 'n jaargrondslag het die Eurosone se VPI in Septembermaand met 3.4% toegeneem en is ook inlyn met ontleders se verwagtinge. Kanada se VPI-gegewens is ook gister bekend gemaak en toon aan dat die land se VPI in Septembermaand met 0.2% toegeneem het teenoor ontleders se verwagte 0.1%. Op 'n jaargrondslag het Kanada se VPI met 4.4% geklim teenoor ontleders se verwagte 4.3%. Kanada se kern-VPI het in Septembermaand met 3.7% gegroei op 'n jaargrondslag en met 0.3% toegeneem op 'n maandelikse basis. Asiatiese markte het gister gemeng verhandel. Die Kospi indeks het met 0.53% gedaal, die Hang Seng indeks is op met 1.53%, die Nikkei-225 indeks het met 0.14% hoër verhandel en die Sjanghai saamgestelde indeks het met 0.17% gedaal. Europese markte het gister in die groen verhandel. Die DAX prestasie indeks het met 0.05% geklim, die CAC-40 indeks het met 0.54% hoër gesluit en die FSTE-100 indeks het met 0.08% in die groen gesluit. Amerikaanse aandele het meestal hoër geneig. Die Nasdaq saamgestelde indeks het met 0.05% gedaal, die S&P500 indeks het met 0.37% geklim en die Dow Jones Industriële indeks het met 0.43% in die groen gesluit. Oliepryse het gister hoër geneig en herstel van vroeë verliese. Die Energie Inligting Administrasie (EIA) het gister Amerika se ru-olievoorrade bekend gemaak en toon aan dat die land se ru-olievoorrade verlede week met 0.431 miljoen vate gedaal het teenoor ontleders se verwagte afname van 0.7 miljoen vate. Brent ru-olie het gister se sessie geopen teen $85.50/vat en het teen 19:00 Suid-Afrikaanse tyd verhandel teen $85.77/vat. West Texas Intermediêre ru-olie het gister se sessie geopen teen $83.16/vat en het teen 19:00 Suid-Afrikaanse tyd verhandel teen $83.62/vat.

**Mielies:** Mieliepryse het 1.75% hoër gestyg op optimisme op aanvraag, met etanolproduksie wat die hoogste vlakke in meer as twee jaar bereik het, en met handelaars wat hoop op 'n sterk stel uitvoerdata van die USDA vandag. Positiewe prys momentum van ander kommoditeite het gister additionele steun gebied. Ontleders verwa dat die USDA se uitvoerverkope verslag vandag mielieverkope tussen 701 000 ton en 1 419 934 sal toon vir die week wat geëindig het op 14 Oktober. Die aanplant van Brasilië se eerste mielie-oes vir die 2021/22 bemarkingsjaar is steeds in ooreenstemming met die pas van die 2020/21 bemarkingsjaar volgens verslae en gegewens van regeringsagentskappe. Die aanplant van Brasilië se eerste mielie-oes in die belangrikste state van Brasilië, wat 92% van die voorspelde oppervlakte uitmaak, het tot en met 16 Oktober 32.1% van die beraamde oppervlakte vir 2021-22 bereik, in vergelyking met 33.4% 'n jaar gelede. As gevolg van oormatige grondvog vind die aanplantingsproses stadiger plaas in sommige belangrike state van Brasilië onder andere Rio Grande do Sul en Santa Catarina. **Plaaslik:** SAGIS het gister die weeklikse produsenteleweringsverslag bekend gemaak en toon aan dat daar in die week wat geëindig het op 15 Oktober 'n totaal van 27 218 ton mielies gelewer is. Laasweek se totale mielielewerings is saamgestel uit 8 928 ton geelmielies en 18 290 ton witmielies. Die 8 928 ton geelmielies is saamgestel uit 8 857 ton YM1 en 71 ton YM2. Die 18 290 ton witmielies is saamgestel uit 18 272 ton WM1, 18 ton WM2. Totale mielielewerings tot op hede vir die 2021/22 bemarkingsjaar staan op 14 105 183 ton en is saamgestel uit 7 670 190 ton witmielies en 6 434 993 ton geelmielies. Die plaaslike mieliemark het gister swakker verhandel. Die witmielietermynkontrak het met 0.54% (R17/ton) gedaal en het die sessie afgesluit teen R3159/ton. Die Desember geelmielietermynkontrak het met 0.81% (R27/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R3312/ton. Die Maart 2022 witmielietermynkontrak het met 0.5% (R16/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R3175/ton. Die Maart 2022 geelmielietermynkontrak het met 0.78% (R26/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R3319/ton. Die Mei 2022 witmielietermynkontrak het met 0.35% (R11/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R3108/ton. Die Mei 2022 geelmielietermynkontrak het met 0.19% (R6/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R3210/ton. Die Julie 2022 witmieliетermynkontrak het met 0.58% (R18/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R3093/ton. Die Julie 2022 geelmielietermynkontrak het met 0.4% (R13/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R3208/ton.

**Sojabone:** Amerikaanse sojaboonpryse het gister ongeveer 1.5% hoër beweeg op 'n rondte tegniese aankope wat grootliks aangespoor is deur vraagoptimisme, hoewel USDA môreoggend soliede uitvoere in sy weeklikse verslag sal moet toon om die momentum in 'n positiewe rigting te laat aanhou beweeg. Ontleders verwag dat die USDA in vandag se uitvoerverkope verslag sojaboonverkope tussen 1 499 564 ton en 2 520 139 ton sal toon vir die week wat geëindig het op 14 Oktober. Ontleders verwag ook dat die USDA sojameelverkope tussen 150 000 en 410 000 ton sal toon plus nog 4000 ton tot 35 000 ton in sojaolie. **Plaaslik:** Die produsenteleweringsverslag toon aan dat daar laasweek 'n totaal van 485 ton sojabone plaaslik gelewer is. Die plaaslike sojaboonmark het gister sterker verhandel. Die Desember sojaboontermynkontrak het met 2.16% (R155/ton) hoër verhandel en het die sessie afgesluit teen R7335/ton. Die Maart 2022 sojaboontermynkontrak het met 2.22% (R160/ton) hoër verhandel en het die sessie afgesluit teen R7372/ton. Die Mei 2022 sojaboontermynkontrak het met 1.17% (R82/ton) hoër verhandel en het die sessie afgesluit teen R7100/ton. Die Julie 2022 sojaboontermynkontrak het met 0.13% (R9/ton) hoër verhandel en het die sessie afgesluit teen R7151/ton.

**Koring:** Koringpryse het Woensdag stewig posgevat nadat 'n ronde tegniese aankope die meeste kontrakte teen die einde tussen 1.5% en 1.75% hoër gedruk het. Winste in 'n wye reeks kommoditeite het gister additionele steun gebied. Met die aanloop na vandag se USDA uitvoerverkope verslag verwag ontleders dat die agentskap koringverkope tussen 250 381 ton en 669 497 ton sal toon vir die week wat geëindig het op 14 Oktober. Die Oekraïne se ministerie van landbou het 'n ooreenkoms met graanhandelaars bereik om die land se koringuitvoerkwota gedurende die 2021/22 bemarkingsjaar tot 25 299 368 ton verhoog, aangesien die Oekraïne 'n rekord koringoes verwag. Jordanië het 'n internasionale tender uitgereik vir die aankoop van 59 873 ton uit opsionele oorsprong en die tender het gister gesluit. Die graan is vir versending in Januarie. **Plaaslik:** Die produsenteleweringsverslag toon aan dat daar laasweek 'n totaal van 2 596 ton koring plaaslik gelewer is. Die plaaslike koringmark het gister swakker verhandel. Die Desember koringtermynkontrak het met 0.8% (R46/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R5684/ton. Die Maart 2022 koringtermynkontrak het met 0.7% (R41/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R5795/ton. Die Mei 2022 koringtermynkontrak het met 0.66% (R39/ton) laer verhandel en het die sessie afgesluit teen R5854/ton. Die Julie koringtermynkontrak het met gister onveranderd gesluit op R5838/ton.

**Plaaslike Markinsigte & Data:** *www.grainsa.co.za/www.sagis.co.za*
**Internasionale Markinsigte & Data:** *www.usda.co.za*

***Opgestel deur** Markus Monteiro/ **Vir navrae, kontak**: luan@grainsa.co.za*

Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

*Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.*